Martin Luther – ’n ellendige sondaar soos ons almal!

As jy sonde soek, sal jy dit maklik kry – oral in die wêreld en oral in die kerk. K. H. Deschner het ’n uitgebreide werk in Duits geskryf oor die “kriminele geskiedenis van die Christendom”. Om daarin te lees, is om behoorlik ootmoedig te raak.

Die digter Goethe het gesê die kerkgeskiedenis is niks anders as ’n mengelmoes van dwaling en geweld nie. Christene is inderdaad nie “heiliges” in die sin van volmaakte mense nie. Inteendeel, ons is Christene juis omdat ons sondaars is en hoop om in Christus verlos te word.

Johannes de Villiers het in *By* (16 September 2006) ’n artikel oor Luther gepubliseer waarin hy die Hervormer van hemelskreiende onreg beskuldig. Sy artikel verg ’n antwoord – nie om verkeerde uitsprake waaraan Luther hom skuldig gemaak het te verdoesel of verskoon nie. Die waarheid moet uit! Maar dan die hele waarheid, nie net ’n stukkie daarvan wat die hele prent onwaar maak nie.

Dit klink godslasterlik, maar as ons problematiese uitsprake van gelowiges soek, moet ons met die Bybel begin. Luther het immers met die Bybel saamgeleef. Wat dáár alles in die naam van God geskrywe staan, is hoogs bedenklik. In Eks 23 en Deut 7 kry ons die godsdienstige wettiging van volksmoord (“ethnic cleansing”). In Eks 21 staan ’n Israelitiese gesinswet waarvolgens die huisvader die reg het om sy eie dogter as ’n slaaf te verkoop.

In 1 Sam 15 kry Saul die opdrag om ’n volkstam wat eeue tevore geweier het om die Israeliete deur hul land te laat trek, uit te moor – mans, vroue, kinders en hul lewende hawe. Volgens Lev 20 moet enigeen wat egbreuk pleeg, gestenig word.

Selfs die Nuwe Testament is vol skeltaal teen die “Fariseërs en Skrifgeleerdes”, die “Jode” en die “ongelowiges” (Fil 3:2; Mat 23; Joh 8:44; Op 2:9). Dit moet in samehang met die vroeë Christene se hewige konflik met die Jodedom en die staat verstaan word.

Ons kan en mag dié uitsprake nie verdedig net omdat dit in die Bybel staan nie. As ons God se liefde wil uitleef, kan ons vandag beslis nie meer sulke taal gebruik en sulke sienings handhaaf nie. As ons sulke beskouings in die Bybel nie aan kritiek mag onderwerp nie, kan ons ook nie die vrymoedigheid hê om dit in die hedendaagse lewe te doen nie. God het self immers baie van dié opvattings in die loop van die Bybelse geskiedenis oorwin. In my boek *Biblical Theology in Outline* wys ek daarop hoe God die menslike geskiedenis binnetree, by mense en hul opvattings begin presies waar hy hulle kry en hulle stadig, in ’n dinamiese proses, tot gesuiwerde motiewe en dieper insigte lei.

As ons na die kerkgeskiedenis kyk, word die beeld nog droewiger. Die kerkvader Augustinus was van mening dat mense met geweld bekeer moet word. Bernardus van Clairvaux het die rampsalige Tweede Kruistog

geïnisieer. Die Inkwisisie het "ketters" en "hekse" verbrand, en in Calvyn se Genève is Servetus verbrand omdat hy probleme met die leerstuk van die Drie-eenheid had. Calvyn en Beza se predestinasieleer het vir gelowiges oneindige kwellinge veroorsaak. In die Dertigjarige Oorlog het Christene in Midde-Europa mekaar uitgeroei.

Die onkritiese uitleg van die Bybel het – ten spyte van wat Gal 3:28 sê – slawerny en diskriminasie teen vroue in "Christenlande" moontlik gemaak. Die wettisisme van die Gereformeerde teologie het tot die radikalisme van die Puriteine en, volgens sommige sosioloë, selfs tot die kapitalisme gelei. Dink maar aan Kuyper, die apartheidsteologie en die Afrikanersteun aan Hitler. Die Anglikaanse Kerk het Britse imperialisme gelegitimeer. Die Duitse Rooms-Katolieke en Lutherse kerke het in die 1930's nie krities teenoor Hitler opgetree nie, en die Amerikaanse "Evangelicals" ondersteun vandag Bush (self 'n "wedergebore Christen") met sy verwaande en kontraproduktiewe politiek. So kan ons eindeloos voortgaan.

Niks hiervan mag ons in die naam van God goedpraat nie. Maar ons moet ten minste sulke dade en uitsprake in historiese perspektief sien. Omdat hy die evangelie verkondig en die misbruik van aflaatbriewe aangeval het, is Luther as ketter uit sy kerk gesit en deur die staat verban. Sy boeke is in die openbaar verbrand. As Luther se vyande maar net hulle hande op hom kon gelê het, sou hulle hom ook verbrand het. In die Smalkaldiese Oorlog het hulle probeer om die Protestantse beweging eens en vir altyd uit te wis. In so 'n situasie word mense maklik aggressief. Luther se uitbarstings teen sy vyande maak my siek, maar ek was nog nooit in sý situasie nie.

Toe die Boereopstand in 1525 in Duitsland uitbreek, het Luther die prinse en feodale base in ontsettende skerp taal gekasty. Dit noem die moderne aanvalle op Luther gewoonlik nie. Luister net: "Ongelukkig is dit al te waar dat die prinse en base die prediking van die evangelie verbied en die mense so ondraaglik verdruk dat hulle verdien dat God hulle van hul trone stamp . . . God die Almagtige het ons heersers mal gemaak: hulle dink hulle kan doen wat hulle wil . . . Ons kan die blaam vir hierdie onsin en rebellie nêrens anders plaas as op julle, die prinse en base, nie . . . Wag net en julle sal sien hoe hierdie verwaandheid jul nekke sal breek . . ."

Dit was, gegewe die omstandighede, ongelooflike dapper woorde. Luther was oortuig daarvan dat ons die owerhede se sondes sonder vrees aan die kaak moet stel, maar ook dat gewapende opstand teen die wil van God was. Volgens hom het die prinse ten spyte van hul sondes steeds 'n goddelike amp beklee. Hy het die boere vermaan om hulle nie aan misdade skuldig te maak nie. Toe die boere begin moor en brandstig, het hy dus gesê dat hulle met alle middele onderdruk moet word, want so 'n opstand sou net tot chaos lei. Het ons nie presies so in die apartheidsjare geargumenteer nie?

Meer nog, Luther is daarvan beskuldig dat dit sý prediking was wat tot opstande gelei het wat die hele Europese samelewing uitmekaar kon skeur en aan die Turkse Moslems uitlewer. Hy kon nie toelaat dat die Hervorming se

geloofwaardigheid op dié manier vertrap word nie. Münzer se teologie en revolusionêre dade is ook nie net deur Luther afgekeur nie, maar eweneens deur die ander Hervormers.

Dit alles verontskuldig nogtans geensins sy fel woorde teen die boere en sy aanhitsing van die vorste nie. Nog minder kan ’n mens Luther se tirades teen die Jode goedpraat. Jodehaat was nie Luther se skepping nie. Elke Christen behoort skaam te wees vir wat die Jode oor die eeue heen aangedoen is. Jodehaat het diep historiese wortels: die profete se verdoeming van Israel, die vyandigheid van die groot antieke ryke teen ’n volk wat hom nie aan hul godsdiens wou onderwerp nie, die tendens in die Nuwe Testament om die blaam vir die dood van Jesus op die Jode te plaas (bv. Hand 7:51 e.v.), die poging van die Middeleeuse kerk om ’n eenvormige godsdiens tot stand te bring, en die wydverspreide opvatting dat Jode geheime planne het om die volk se geld in die hande te kry.

Jodehaat het telkens weer opgevlam. Jode is oor die eeue in baie “Christenlande” vervolg en telkens vir alle moontlike sosiale probleme verantwoordelik gehou. De Villiers het volkome gelyk as hy dié vooroordele verdoem, solank hy dit nie slegs by Luther doen nie. En om ’n direkte lyn van Luther na Hitler te trek, ’n neiging wat sedert die Tweede Wêreldoorlog populêr geword het, gaan te ver. Hitler en sy trawante se wêreldbeskouing was op Germaanse rassisme, brutale magsmisbruik en wêreldoorheersing gebaseer, nie op ’n ontsporing van die teologie van Luther nie.

Genoeg oor die negatiewe beeld. Is dit werklik al wat ons oor Luther kan sê? Is die evangelie wat hy weer in die middelpunt van ons geloofslewe geplaas het, van mindere belang? Of ons dit nou wil weet of nie, Luther was die vader van die Protestantse beweging as geheel, met al sy wonderlike en problematiese eienskappe, soos die Gereformeerde beweging, die sg. Radikale Hervorming, die Piëtisme en vandag se “Evangelicals”.

Die Rooms-Katolieke Kerk het onlangs met Luther se regverdigingsleer vrede gemaak. Calvyn het Luther se dialektiek tussen wet en evangelie, sy tweerykeleer en sy Nagmaalsbeskouing met kenmerkende aanpassings oorgeneem. Luther het al die kernbeginsels van die Hervorming opgestel: “Christus alleen”, “die Skrif alleen”, “genade alleen”, “geloof alleen”, die “teologie van die kruis”, die gelowige as “tegelyk geregverdig en sondaar’”. Soos Paulus het hy slaafse gehoorsaam aan ’n “geopenbaarde” wet met die vryheid en verantwoordelikheid van die volwasse kinders van God vervang, wat baie ander Protestante nie kan regkry nie. Hy het ook die verband tussen hierdie beginsels uitgelig, met die verkondiging van die evangelie van Christus as die kern.

As ons (hetsy Lutherane, Gereformeerdes of “Evangelicals”) ’n bietjie meer by Luther kers opsteek, sal ons vind dat baie van die huidige probleme en konflikte in die kerke nie nodig is nie, byvoorbeeld dié oor die gesag van die Skrif, die skeppingsleer, die geldigheid van sekere etiese norme, of geloofsonsekerheid as ons deur lyding getref word. Omdat sy teologie nie ’n

spekulatiewe teologie, en ook nie ’n biblisistiese teologie is nie, maar ’n teologie gegrond op ervaring, sou dit vandag ’n baie beter antwoord op die geestelike motiewe van die Afrika-godsdienste en die moderne natuurwetenskappe kon bied as baie ander.

Om dit alles werklik te waardeer en om Luther se teologie as ’n geheel, en nie net ’n paar van sy ontsporings nie, raak te sien, nooi ek u om my jongste boek, *Luther’s message for us today*, te lees. Dis in maklike toeganklike taal deur ’n Suid-Afrikaanse teoloog vir óns situasie geskryf. Ek glo nie u sal ooit spyt wees as u Luther se teologie ’n bietjie van nader beskou het nie.

Om saam te vat: Protestante glo nie aan volmaakte “heiliges” of geloofshelde nie. Ons glo aan Christus. Ons glo dat ons almal “geregverdigde sondaars” is. Ons glo dat God ons as sondaars aanvaar, bevry, verander en bemagtig om as sy getuies en instrumente op te tree, ten spyte van die feit dat ons nooit heeltemal van ons sondes ontslae kan raak nie. Paulus sê, toets alle dinge en behou wat goed is (1 Tess 5:21; Rom 12:2; Ef 5:10; Fil 1:10).

Dit is wel waar: op Hervormingsdag behoort ons die evangelie te vier en nie die nagedagtenis van ’n buitengewone historiese figuur nie. Luther se moedige en kragtige optrede wou die evangelie dien en nie sy eie persoon nie. Hy het trouens baie min van homself gedink en wou nooit ’n nuwe kerk stig nie. Hy het eindelose gewetenswroeging gehad omdat sy optrede die Christendom geskeur het. Hy wou ook nooit hê sy volgelinge moet hulle “Lutherane” noem nie – wat hulle ongelukkig toe tog gedoen het. Van homself het hy as ‘n “vrot sak wurms” gepraat. Sy laaste woorde was: “Ons is bedelaars – dit is waar!” Kom ons maak ook so, eerder as om hom en mekaar te veroordeel.

Klaus Nürnberger

(Professor emeritus, Universiteit van KwaZulu-Natal)
<info@klaus-nurnberger.com>